‘Mynhuis sal Potch se drinkwater vernietig’

Elise Tempelhoff

As die myngroep Alkemu Precision sy sin kry en op sowat 1 600 ha om die Klerkskraaldam en die oog van die Mooirivier (Bovenste Oog) vir goud en diamante myn, sal dit Potchefstroom se drinkwater heeltemal vernietig.

So het Eric Stoch, omgewingskundige en grondeienaar naby die Klerkskraaldam, gister gesê nadat die departement van minerale bronne onlangs Alkemu Precision se aansoek om op plase hier vir goud, diamante, mangaan en ystererts te prospekteer, goedgekeur het.

Luidens dokumente wat die konsultante van Singo Consulting namens die myngroep opgestel het en op grond waarvan die groep goedkeuring vir prospektering gekry het, is dit “welbekend” dat dié omgewing talle minerale en edelmetale het.

Alkemu Precision het toestemming gekry om in die volgende 30 maande 20 boorgate op plase om die Klerkskraaldam in die Mooirivier te boor.

Stoch, wat ’n deeglike kennis het van die mynboubesoedeling wat van die Wonderfonteinspruit deur die Gerhard Minnebron-oog in die Mooirivier tot in die Potchefstroomdam vloei, sê die Bovenste Oog is die enigste onbesoedelde waterbron in dié deel van die rivierstelsel.

Dit is al langer as tien jaar bekend dat die water in die Wonderfonteinspruit erg met uraanafval van die goudmynbedryf besoedel is. Stoch sê die water uit die Bovenste Oog het tot dusver die besoedelstowwe verdun wat in die Mooirivier syfer.

Stoch sê hy het twee dae gelede eers van Alkemu se planne uitgevind.

Mariette Liefferink, direkteur van die Federasie vir ’n Volhoubare Omgewing (FVO), het gister gesê haar federasie was nie bewus van dié aansoek nie. Sy gaan namens die FVO appèl teen die toekenning van die prospekteerpermit aanteken.

Daar hang al jare ’n ernstige vraag oor die gehalte van Potchefstroom se drinkwater, dus moet die laaste onbesoedelde waterbron beskerm word, sê Liefferink.

Stoch sê hy het intussen “duisende mense, in Suid-Afrika en in die buiteland”, van Alkemu se planne laat weet. “Ons móét Potchefstroom se water beskerm.”

Volgens Liefferink loop onbehandelde rioolafval ook deesdae van Khutsong deur die Wonderfonteinspruit tot in die Mooirivier.

Volgens Hans-Jurie Moolman, regsverteenwoordiger van sommige belanghebbendes, is daar baie leemtes in die omgewingsimpakproses wat Singo Consulting gevolg het. Moolman sê van die belanghebbendes wat om die Klerkskraaldam eiendom besit, het by die departement van minerale bronne appèl teen die toestaan van die prospekteerpermit aangeteken. Die leemtes word duidelik in die appèldokumente uiteengesit.

Van die belanghebbendes het aan *Beeld* gesê hulle twyfel of inwoners van Potchefstroom bewus is van die bedreiging wat hierdie mynbou-aansoek op hul drinkwater het.

Volgens Singo is ’n advertensie oor Alkemu se aansoek op 25 Oktober verlede jaar in *Potchefstroom Herald* gepubliseer.

Hier wil Alkemu Precision vir onder meer goud en diamante myn